

# Hiernamaals

wat sê die Bybel?

## 5: TUSSEN DOOD EN OPSTANDING

Lees ter agtergrond: Deuteronomium 18, Lukas 16, 1 Timoteus 6, 2 Timoteus 1, Johannes 11:17 - 26, Hebreërs 12, Openbaring 7.

1

<b>274: Hy het by een van sy pa se byvroue geslaap:</b>			
Simeon	Ruben	Gad	Issaskar
<b>275: Wie was Abraham se tweede vrou?</b>			
Ketura	Hagar	Bilha	Abigail
<b>276: Abraham het by God gepleit om hierdie stad te spaar:</b>			
Sodom	Hebron	Damaskus	Soar
<b>277: Paulus moet haar vermaan oor eensgesindheid</b>			
Lidia	Dorkas	Euodia	Salome
<b>278: Wie was Moses se broer?</b>			
Jetro	Merari	Aäron	Korag
<b>279: Elke hoeveel jaar moet die hele wet aan die volk voorgelees word?</b>			
1	3	5	7
<b>280: Wat beteken die woord "Messias"?</b>			
Verlosser	God met ons	Gesalfde	Vredesprins

2

<b>274: Hy het by een van sy pa se byvroue geslaap:</b>			
Simeon	B: Genesis 35:22	Gad	Issaskar
<b>275: Wie was Abraham se tweede vrou?</b>			
A: Genesis 25:1	Hagar	Bilha	Abigail
<b>276: Abraham het by God gepleit om hierdie stad te spaar:</b>			
A: Genesis 18	Hebron	Damaskus	Soar
<b>277: Paulus moet haar vermaan oor eensgesindheid</b>			
Lidia	Dorkas	C: Filippense 4:2	Salome
<b>278: Wie was Moses se broer?</b>			
Jetro	Merari	C: Eksodus 4:4	Korag
<b>279: Elke hoeveel jaar moet die hele wet aan die volk voorgelees word?</b>			
1	3	5	D: Deuteronomium 31:10
<b>280: Wat beteken die woord "Messias"?</b>			
Verlosser	God met ons	C: Algemeen	Vredesprins

3

1. Is die siel onsterflik? Prediker 12:6, 7	
6 Voordat die silwerdraad verwyder word en die goue oliekruik stukkend val en die kruik by die fontein gebreek word en die wiel stukkend in die put val en die stof na die aarde terugkeer soos dit gewees het, en die gees na God terugkeer wat dit gegee het.	6 die tyd wanneer die silwerdraad afgebreek word en die goue kruik breek, die kruik by die fontein stukkend breek en die wiel by die put stukkend val, die tyd wanneer die stof na die aarde toe terugkeer soos dit was, en die gees na God terugkeer wat dit gegee het.
Johannes 11:25, 26	
Jesus sê vir haar: Ek is die opstanding en die lewe; wie in My glo, sal lewe al het hy ook gesterwe; en elkeen wat lewe en in My glo, sal nooit sterwe tot in ewigheid nie. Glo jy dit?	Toe sê Jesus vir haar: "Ek is die opstanding en die lewe. Wie in My glo, sal lewe, al sterwe hy ook; en elkeen wat lewe en in My glo, sal in alle ewigheid nooit sterwe nie. Glo jy dit?"
Lukas 16:19 – 31: Die ryk man is bewustelik in die doderyk, bewus dat sy broers nog nie gesterf het nie en bewus van Lasarus aan die boesem van Abraham.	

4

## 2. Is die mens, gelowig en ongelowig, onsterflik?

Prediker 3:19, 20

Want die lot van die mensekinders is ook die lot van die veediere: hulle het een en dieselfde lot; soos die een sterwe, so sterwe die ander, en hulle almal het dieselfde asem, en 'n voorkeur van die mens bo die veediere is daar nie; want alles is tevergeefs. Alles gaan na een plek toe; alles is uit die stof, en alles keer na die stof terug.

Een en dieselfde lot tref mens en dier, hulle gaan almal dood, die een soos die ander. Almal het net een asem. Die mens is nie beter daaraan toe as die dier nie. Alles kom tot niks. Almal is op pad na dieselfde plek toe, almal is van stof en almal word weer stof.

As mens kyk na iemand wat sterf, kan jy nie met 'n waarneming sien dat daar 'n verskil is tussen die dood van die gelowige en die ongelowige nie.

Daniel 12:2

En baie van die wat in die stof van die aarde slaap, sal ontwaak, sommige tot die ewige lewe en sommige tot groot smaadheid, vir ewig afgryslik.

Baie van dié wat ontslaap het, sal uit die graf opstaan, party tot die ewige lewe en party tot ewige skande en veragting.

5

## 3. Waarheen gaan die gelowiges as hulle sterf?

Lukas 16:22

En toe die bedelaar sterf, is hy deur die engele weggedra na die boesem van Abraham.

En toe die bedelaar sterf, is hy deur die engele weggedra na die boesem van Abraham.

2 Korintiërs 12:2, 4

Ek weet van 'n man in Christus, veertien jaar gelede—of dit in die liggaam was, weet ek nie, of buite die liggaam, weet ek nie, God weet dit—dat so iemand weggeruk is tot in die derde hemel.

Ek ken 'n man wat aan Christus behoort. Veertien jaar gelede is hy weggeruk tot in die derde hemel. Of dit met die liggaam was of sonder die liggaam, weet ek nie, net God weet dit.

dat hy weggeruk is in die Paradys

Ek weet ook dat hierdie man weggeruk is na die paradys toe.

Handelinge 7:56

En hy het gesê: Kyk, ek sien die hemele geopend en die Seun van die mens aan die regterhand van God staan.

"Kyk," het hy gesê, "ek sien die hemel geopen en die Seun van die mens wat aan die regterhand van God staan."

## 4. Waarheen het Abraham gegaan na sy dood?

Lukas 16:24, 25: Hy is in die hemel en kan praat met die ryk man in die doderyk.

6

5. Gee u standpunt oor die sieleslaap (die siel slaap) vir die tyd tussen die dood en die wederkoms).

Lukas 8:52: "Moenie huil nie, want sy is nie dood nie, sy slaap net."

Johannes 11:11, 14: "Ons vriend Lasarus slaap, maar Ek gaan om hom wakker te maak."  
Toe sê Jesus vir hulle reguit: "Lasarus is dood,..."

Deuteronomium 31:16: Kyk, jy ontslaap met jou vaders

Prediker 9:10: Doen met toewyding alles wat jou hand vind om te doen, want in die doderyk waarheen jy op pad is, is daar nie werk of insig of kennis of wysheid nie.

Hoe verklaar ons dit?

Hier word gepraat van die LIGGAAM, en nie van die SIEL nie.

Matteus 8:11 - Baie sal van die ooste en die weste af kom en saam met Abraham, Isak en Jakob aan tafel gaan in die koninkryk van die hemel.

Openbaring 5:9: Toe sing hulle 'n nuwe lied...

Mens sing, eet nie as jy slaap nie!

7

6. Noem drie verskille tussen die toestand van die mens (wat reeds ontslaap het) voor en na die wederkoms.

Voor die wederkoms

Na die wederkoms

Slegs die siel is by God – het nog nie hul erfdeel ontvang nie

Die herskepte mens (lewende siel) is by God

Die liggaam is in die graf – dus 'n verlies

Die liggaam het opgestaan, gelykvormig aan die verheerlikte liggaam van Christus - wins

Ons is teenwoordig by God in die hemel – maar onvolledig as totale mens.

Ons is as totale nuwe mens is teenwoordig by God op die nuwe aarde

8

7. Is daar direkte kontak tussen die lewendes en die dooies?



9

7. Is daar direkte kontak tussen die lewendes en die dooies?



10

7. Is daar direkte kontak tussen die lewendes en die dooies?



11

7. Is daar direkte kontak tussen die lewendes en die dooies?

Prediker 12:6, 7: 6 die tyd wanneer die silwerdraad afgebreek word en die goue kruik breek, die kruik by die fontein stukkend breek en die wiel by die put stukkend val, die tyd wanneer die stof na die aarde toe terugkeer soos dit was, en die gees na God terugkeer wat dit gegee het.

Job 14:20, 21: 20 U oorweldig hom vir altyd en hy verdwyn, hy kom te sterwe, U neem hom weg. Sy seuns word vereer, maar hy weet dit nie, hulle word verkleineer, maar hy is nie daarvan bewus nie.

Lukas 23:43: Jesus antwoord hom: "Ek verseker jou: Vandag sal jy saam met My in die paradys wees."

Wat van Saul en die heks van Endor?

12

## 7. Is daar direkte kontak tussen die lewendes en die dooies?

1 Samuel 28: 8- 16 Toe vra die vrou: “Wie moet ek vir jou laat opkom?” En hy antwoord: “Laat Samuel vir my opkom.”

Sy moes dadelik weet met wie Saul kontak wou hê

12 Toe die vrou vir Samuel sien, het sy hard geskreeu ...

Sy moes dadelik weet wie Saul is...

“Wat sien jy?” en die vrou sê vir Saul: “Ek sien 'n wese uit 'n ander wêreld opkom uit die aarde.”

Let op hoe vaag sy is in die beskrywing van wat sy sien

14 Hy sê toe vir haar: “Hoe lyk hy?” en sy sê: “'n Ou man kom op en hy het 'n mantel aan.”

Sy weet hy wil met Samuel praat, en weet hy was oud toe hy gesterf het

Saul het toe geweet dat dit Samuel

15 Samuel het vir Saul gevra: “Waarom steur jy my deur my te laat opkom?”

Sy maak twee kardinale foute hier:

1. "steur" soos in "wakker maak".
2. "Opkom" impliseer dat hy "onder" is, maw die onderwêreld.

En Saul antwoord: “Ek is baie bang, ...

Samuel is, soos alle gelowiges, na God toe.

16 Maar Samuel sê: “Waarom raadpleeg jy my dan as die Here jou verlaat en jou teëstander geword het? ...

Saul kan Samuel nie sien nie. Praat Samuel of sê sy weet wat Samuel vir Saul reeds gesê het?

13

## 8. Sal ons mekaar in die hemel ken?

Die hoop op weerontmoeting aan die ander kant van die graf is heeltemal natuurlik, suiwer menselik en ook in ooreenstemming met die Skrif (Bavinck)

Tog is die mens se grootste begeerte om met Christus te wees (Fil 1:23) en God alleen te prys (Ps. 73:25)

Lukas 16 – Die ryk man herken Lasarus

Lukas 16:9: “En Ek sê vir julle: Gebruik die oneerlike mammon om vir julle vriende te maak sodat wanneer die geld nie meer kan help nie, hulle julle in die ewige wonings sal ontvang.

Matteus 22:23 – 33: Menselike verwantskappe – soos die huwelik – sal nie in die lewe hierna voortgaan nie.

14